

## VERKOOPSVOORWAARDES

1. Senwes Beperk (Senwes) het alle redelike voorsorg getref om te verseker dat enige goedere, produkte en/of dienste in terme van hierdie faktuur verskaf, voldoen aan die vereistes en/of standarde waarvoor dit verkoop en/of gelewer word. Geen aanspreeklikheid word egter aanvaar vir enige skade of verlies wat die Koper mag ly voortspruitend uit die transaksie nie, behalwe indien die toepaslike Verbruikersbeskermings-wetgewing daarop van toepassing is.
2. Eise ten opsigte van die werking, aard, inhoud en/of doeltreffendheid van goedere/produkte gekoop en dienste gelewer sal, sonder benadeling van regte, deur Senwes ondersoek en oorweeg word, slegs indien sodanige eise binne 30 dae na datum van hierdie faktuur skriftelik by die betrokke bedryfspunt ingedien word (behalwe in geval van saad of 'n spesifieke waarborg).
3. Indien hierdie faktuur per maandstaat aan die Koper versend word, sal dit bo alle twyfel aanvaar word dat die goedere, produkte en/of dienste in terme van hierdie faktuur deur die Koper, wie se besonderhede op die voorkant van die dokument verskyn, of deur sy gemagtigde verteenwoordiger namens hom, aangekoop en/of aangevra en ontvang is, tensy skriftelike beswaar met volledige vermelding van redes binne 30 dae na datum van die maandstaat by die betrokke bedryfspunt ingedien word.
4. Indien van toepassing en toelaatbaar kragtens die toepaslike wet, word gebruikte goedere of produkte hierkragtens verkoop, voetstoets, soos dit staan, met alle sigbare en onsigbare gebreke daarin. Die koper erken dat die goedere/produkte behoorlik geïnspekteer is en dat geen voorstellings en/of waarborge ten opsigte daarvan aan hom gegee en/of gemaak is nie.
5. Eiendomsreg ten opsigte van alle goedere/produkte in terme van hierdie faktuur verkoop en gelewer word deur Senwes voorbehou tot tyd en wyl die koopprys plus rente ten volle vereffen is.
6. Rente word op uitstaande bedrae gehef teen die regtens toelaatbare rentekoers soos dit mag wysig van tyd tot tyd, bereken vanaf datum van hierdie faktuur, behalwe indien anders ooreengekom.
7. Indien goedere, produkte en/of dienste in terme van hierdie faktuur verkoop en/of gelewer word ingevolge 'n spesifieke ooreenkoms met Senwes, is hierdie voorwaardes aanvullend tot sodanige ooreenkoms en indien enige voorwaardes hiervan in stryd met die ooreenkoms is, geld die bepalinge van die ooreenkoms.
8. In geval van regsaksie vir die vordering van enige uitstaande bedrae, sal die Koper verantwoordelik wees vir regskoste op 'n prokureur / kliëntskaal bereken.
9. Saad wat Senwes self kweek, word verkry deur noukeurige seleksie en Senwes waarborg dat die saad voldoen aan die vereistes neergelê in toepaslike wetgewing. Geen ander waarborg, van watter aard ookal, word gegee nie. Voornoemde waarborg het nie betrekking op enige ander saad wat deur Senwes bemark word nie (indien van toepassing).

(Hierdie voorwaardes is slegs van toepassing op diens/goedere/produkte deur Senwes verskaf)